AFRIKAANSE VERTALING VAN DIE BRONMATERIAAL SOOS VERSKAF DEUR DIE SUIDER-AFRIKAANSE KATOLIEKE BISKOPPE KONFERENSIE VIR DIE HERNUWING VAN HUWELIK GELOFTES.

© AFRIKAANSKATOLIEK

'N SAMEWERKING TUSSEN DIE ORATORIUM UITGEWERY
EN DIE AFRIKAANSE TAAL PASTORALE STREEK
VAN DIE SUIDER-AFRIKAANSE KATOLIEKE BISKOPPE KONFERENSIE



# Wêreld Huweliksondag

Jaarliks op die 2de Sondag van Februarie

# WÊRELD HUWELIKSONDAG

*Wêreld Huweliksondag word, veral in die Katolieke Kerk in baie lande regoor die wêreld, elke tweede Sondag van Februarie gevier. Dié dag is 'n gulde geleentheid om op die bou van 'n kultuur van lewe en liefde te fokus, deur bowenal die huwelik en die gesin te ondersteun en te bevorder.*

## HERNUWING VAN DIE HUWELIKSGELOFTES

DIE SELEBRANT *(BISKOP | PRIESTER)* STEL DIE VRAE EN DIE EGPAAR ANTWOORD: ***R/* EK SAL**

***DIE EGPAAR KYK NA MEKAAR***

***S/*** Beloof u om aan te hou om u liefde vir mekaar te wys en uit te druk? ***R/***

***S/*** Beloof u om aan te hou om mekaar te versorg en in mekaar se behoeftes te voorsien? ***R/***

***S/*** Beloof u om aan te hou om mekaar in moeilike tye te bemoedig? ***R/***

***S/*** Beloof u om aan te hou om mekaar in siekte en gesondheid te ondersteun? ***R/***

***S/*** Beloof u om aan te om mekaar te koester, mekaar se arms omhoog te hou en uself net vir mekaar te gee?

***HULLE KYK NOU NA HUL KINDERS*** *(INDIEN VAN TOEPASSING)*

***S/*** Beloof u om u kinders na die Heilige Mis te bring en hulle die geloof te leer ken – soos u by hul doop beloof het? ***R/***

***S/*** Beloof u om na hul materiële behoeftes om te sien? ***R/***

***S/*** Beloof u om na hul emosionele en intellektuele groei om te sien? ***R/***

***S/*** Beloof u om hulle teen alle skade tuis of buite te beskerm? ***R/***

***NOU FOKUS HULLE OP DIE GEMEENSKAP***

***S/*** Sal u ontvanklik wees om na die behoeftes van u gemeenskap te luister? ***R/***

***S/*** Belowe u om na te dink oor hoe u 'n bydra tot die opbou van u parogie kan lewer? ***R/***

***S/*** Sal u die Heilige Gees toelaat om u te lei met die oog op 'n toekomstige bediening? ***R/***

DIE BISKOP DIT OORWEEG OM HIERDIE SEREMONIE IN TE BRING BY DIE PAROGIE WAAR HY HOMSELF OP DIE WÊRELD HUWELIKSONDAG BEVIND EN DIT DAARNA JAARLIKS IN 'N VERSKILLENDE PAROGIE DOEN. 'N ANDER MOONTLIKHEID IS OM AL DIE EGPARE VAN DIE DEKENAAT UIT TE NOOI NA DIE SPESIFIEKE PAROGIE, WAAR DIE BISKOP DAARDIE SONDAG SAL WEES.